

Hoofstuk van die dag: Numeri 27

> *Selofgad se dogters het gelyk. Jy moet beslis vir hulle hulle eie grond tussen dié van hulle pa se familie gee. Gee vir hulle die grond wat hulle pa sou gekry het. (vers 7)*

Om te verstaan wat agter die Selofgad-dogters se versoek lê,

moet ons weet dat dogters normaalweg nie as erfgename geag is of besitreg op grond gehad het nie. Daarom gee die Here nou ’n reëling wat hierdie gebruik in sekere omstandighede ophef (vers 8).
Die tweede belangrike saak om te weet, is dat erfgrond in Israel nie verhandelbaar was nie. Dit moes vir altyd in die erfgenaam en dié se nageslag se besit bly. Dit kon, in geval van geldnood, aan iemand verpand word, maar met die jubeljaar het die grond na die oorspronklike eienaar teruggeval (Lev 25:8-23). Dit verklaar ook hoekom Nabot nie bereid was om sy grond aan koning Agab af te staan nie (1 Kon 21). Die Here se reëling oor die dogters van Selofgad se erfgrond word daarom in Num 36:1-13 verder verfyn.
God se voorsiening is nie só dat daar nie vir uitsonderings voorsiening gemaak word nie. Vir elkeen van ons, met ons unieke omstandighede, sorg die Here. Moenie huiwer om Hom met jou eiesoortige behoeftes te nader nie!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026